HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 27 van 2026

12 Februarie 2026

Geagte Fietsryouers/-voogde

Ons herbevestig hiermee graag watter kleredrag tydens resies gebruik gaan word.

- **Algemene fietsrybenodighede:** Dit is belangrik dat leerders nou al seker maak hulle het alles om saam te kan fietsry. Die volgende is uiters belangrik gedurende oefening en enige resies: fiets, waterbottel en valhelm. Ander items wat tydens jou fietsrit benodig word, is: 'n bom/pomp en, indien jy binnebande het, 'n spaarband en bandlepels.

- **Resieskleredrag**: Vir die resies moet alle leerders die Randburg fietsryhemde asook 'n swart fietsrybroek (met geen kleurstrepe) dra. Hierdie hemde moet as groepbestellings by ons verskaffer aangekoop word en moet so gou as moontlik gefinaliseer word.





- **Sokkies:** Tydens resies en oefening kan die leerders die volgende sokkies dra. (*Funky* sokkies is tog maar deel van 'n fietsryer se lewe!) Hierdie sokkies sal by die klerebank onder die saal teen R80 per paar beskikbaar wees.



- **Opwarmkleredrag:** Ons het leerders wat voor 'n wedstryd graag solank bene wil warm kry, wat dan op rollers opwarm. Tydens opwarming sal die volgende hemde gedra word en daarmee saam ook die skool se vlootblou (*navy*) LO-broek bo-oor die fietsrybroek, indien nodig. Daar is 'n bestelvorm vir hierdie hemde aangeheg. Geen ander hemde buiten die hemde hieronder of die fietsryhemp mag voor óf na die resies gedra word nie.



- **Warmdrag:** Tydens koeler weer sal leerders slegs toegelaat word om die skoolsweetpak, of die langmou skoolhemp, te dra, soos hier aangeheg. Hierdie items kan by *Constantia* klereverskaffers oorkant oor die skool aangekoop word.



Kontakbesonderhede:

Indien daar enige ander navrae is, kan u ons gerus op die volgende wyses kontak:

Christa Snyman (fietsry-organiseerder) – christa.snyman@hsrandburg.co.za
Eddie Roller (fietsry-afrigter) - 082 557 4667 of eroller@mweb.co.za
Ria Hoar (fietsry-onderwyser) - ontvangs@hsrandburg.co.za

Vriendelike Randjiegroete

C. Snyman
Fietsry-organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof

Bestelvorm

Merk asseblief in die toepaslike blokkies **hoeveel** opwarmingshemde of fietsryhemde u graag sal wil aankoop.
Opwarmingshemde: Pryse kan tussen R130 en R160 wissel, afhangend van hoeveel hemde ons moet bestel.
Fietsryhemde: Pryse kan wissel, afhangend van hoeveel bestel moet word.

Leerder se naam: _____ Graad: _____

Ouer se naam: _____ Kontaknommer: _____

	XS	S	M	L	XL	XXL
Unisex Polyester T-hemp (*Navy*) 						
Fietsryhemp 						

Bestellings moet teen 22 Februarie 2026 afgehandel word. Handig asseblief die vorm by Ontvangs (by mev. Ria Hoar) in.